# KOERSVAS

Jaargang 9 Uitgawe 186 22 Januarie 2021




In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

**REDAKSIONEEL**

**Stadig oor die klippertjies**

Vinnig dink en vinnig optree, is nie langtermyn voordelig vir die meeste van ons nie. Soms het die nadenke van sekondes 'n impak wat oor dekades - selfs 'n leeftyd - kan strek. Ons besluit so maklik oorhaastig, neem so gou op die ingewing van die oomblik verkeerde besluite. Soos die man wat die muntstuk opskiet en uitnooi: "Kop wen ek, stert verloor jy." Die arme slagoffer is so gekondisioneer deur tradisie, so gewoond aan nie mooi luister nie, so ingetrek by vinnig doen, so goedgelowig dat die muntstuk nog nie eens sy tog af na die man se palm begin het nie en daar word al "kop" geroep.

"Die haastige hond verbrand sy mond", dien as waarskuwing vir 'n versameling slaggate op die lewenspad. Dit geld diegene wat net ongeduldig is, asook diegene wat doen lank voordat hulle klaar gedink het. Nie dat vinnige denke en woorde nie soms handig te pas kom nie: Die wel berekende kwinkslag gaan immers die verlangde skaterlag uitlok. 'n Mens wonder tog selfs oor van hierdie kwinkslae. 'n Bekende skrywer is by die paspoortbeheer gevra of hy iets het om te verklaar. Sy antwoord: "My geniale briljantheid." Het hy dit lank voor die tyd beplan, of was dit werklik op daardie oomblik dat sy hubris die oorhand gekry het? Ons kan maar net wonder.

Die fabel van die skildpad en die haas se wedren leer ons: "Stadig maar seker, wen dikwels die beker". Die lewe gaan oor baie meer as soveel moontlik so gou moontlik doen. Deur die tempo van ons lewens te versnel, verbeter ons nie noodwendig ons lewens nie. Spoedvrate soos Mario Andretti sal beweer dat jy nie vinnig genoeg ry nie, indien dit voel asof jy alles onder beheer het. Die hartseer is dikwels dat hierdie ongeduldige wêreld met sy voorliefde vir spoed alles tot 'n wasige smerigheid vermeng waar kosbare oomblikke oorgesien word.

Andretti en geselskap het natuurlik ook 'n plek in die lewe. Ons is net nie almal ewe vinnig of haastig nie, elke bloeisel blom op sy eie tyd. Dit lyk net asof spoed nou die norm geword het. Die jongmense van die jare sewentig en tagtig sal jou alles kan vertel van briewe. Die skryf van die brief, die versigtige keuse van papier en woorde. Die tob voor die brief gestuur word. Die naskrif wat so baie male bygevoeg is. Die ontvang van die brief, die lui-lekker lees en

oorlees van die brief, die wonder en spekuleer oor 'n frase is nie iets van die verre verlede nie. Vandag se SMS of whatsapp is vanaand se vergete boodskap. Boodskappe kom by jou uit - al soveel keer aangestuur dat jy dit nou net aan een persoon kan aanstuur. Spoed benadeel en beskadig so dikwels ons kommunikasie en ons menswees.

Kos is 'n goeie voorbeeld hiervan. Kitskos is langtermyn ramp. Daar is altyd uitsonderings, maar ons kan tog stel dat die kos wat lank neem om voor te berei, meer voedsaam en gesond is as die vinnige pasteitjie, hamburger of pizza wat vol preserveermiddels, suikers en wie-weet-wat-nog-alles is. Verwerkte kosse is nie die beste wat ons aan onsself kan doen nie. As noodmaatreël kan dit help, maar in soveel huishoudings word dit die stapelvoedsel. Die lekkerste en mees heilsame bestanddeel van gehalte kosse is tyd. Die haastige loop met die grassnyer "sny die gras" maar doen nie veel aan die tuin nie. Stadig en berekend gras sny maak vir 'n goed-versorgde grasperk en tuin.

Een van die mees belangrike leestekens is die komma. Die komma moet natuurlik op die regte plek; ons ken almal die oorbekende voorbeeld van Herklaas se Griet: *Hier lê my vrou Griet. Sy is in die **hemel, niet** in die hel. Dit weet ek wel.* Teenoor- *Hier lê my vrou Griet. Sy is in die **hemel niet,** in die hel. Dit weet ek wel*. Die meeste van ons moet alles wat ons sê en doen, begin met 'n komma. Soos ons week. Ons begin die week op Sondag, met die rusdag. Daarna volg ons doen en meer doen - vinnig. Skrynwerkers sal jou altyd herinner: "Meet twee maal, sny eenmaal." Die lewe is baie maal soos daardie stuk hout; as hy eers gesny is, is hy gesny. Koms ons begin die nuwe jaar stadig, berekend. Ons het goed uitgerus in die vorige jaar en is reg om aan te gaan.

Die inperkings het ons baie seer gemaak, baie skade berokken. Tog kan ons weet dat ons stadig sal herstel. Moet net nie haastig raak met die leisels alles weer dadelik opneem nie.

So terloops, die korrekte antwoord op "kop wen ek, stert verloor jy" is natuurlik "ek neem nie deel nie".

## .BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### GHG BESTUUR

Die bestuur se eerste vergadering van die nuwe jaar vind plaas op 5 Februarie 2021 te Grootvlei se kerk kompleks. Die vergadering begin om 10:00 en al die nodige Covid-19 voorsorgmaatreëls sal in plek wees. Daar is verskeie sake van belang wat bespreek sal word, waaronder die Bondsvergadering te Stilfontein, die predikanteberaad en die Lewensbrood. Enige sake wat u as lidmaat op die agenda wil plaas, kan aan ds. Frans Marais of dr. Johan Otto deurgestuur word. (met kort agtergrond en motivering asseblief) voor einde Januarie. fransnhk@gmail.com of johan.otto@geloofsbond.org.za

### GHG REGSFONDS

Die eerste rondte van die hofsaak is steeds aan die gang. Ons Regsfonds is gesond. Dit het egter duidelik geword dat die regsgeding ons meer gaan kos as wat aanvanklike projeksies aangedui het. Gemeentes word vriendelik versoek om nie hulle bydraes tot die fonds te staak nie. Enige individue wat ekstra bydraes wil maak, word aangemoedig om dit te doen.

### LEWENSBROOD 2021

Die redaksie wil almal betrokke bedank vir wonderlike samewerking. Die boek is

gedruk en versprei. Dit is 'n pragtige gehalte-produk wat 'n jaar se getroue gebruik sal deurstaan. Daar is nog mense wat weens inperkings nie hulle eksemplare ontvang het nie. Skakel met u plaaslike gemeente om u eksemplaar te ontvang. Ten spyte van die streng inperkings en die finansiële druk kan ons stel dat ons net 100 minder bestellings as die vorige jaar ontvang het.

**KOMMENTAAR OP DIE NGB**

Die kommentaar op die Nederlandse Geloofsbelydenis wat in Die Skietlood verskyn het, is verwerk en in 'n boek saamgestel. Hierdie publikasie is nou beskikbaar @R240 per boek. WhatsApp Yvette 072-223-7522




**KOERSVAS EN DIE SKIETLOOD 2021**

Hierdie publikasies gaan op die volgende datums verskyn.


22 Januarie
19 Februarie
19 Maart
16 April
21 Mei
18 Junie
16 Julie
20 Augustus
17 September
22 Oktober
19 November
10 Desember

Enige nuus, advertensies, berigte of bydraes wat u geplaas wil hê, moet sewe (7) dae voor publikasie aan dr Otto gestuur word by. johan.otto@geloofsbond.org.za

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk
  ella@teamworkprinters.com


DIE NEDERLANDSE
GELOOFSBELYDENIS
FOEDERATUM BELGIUM
ORTHODOXUM;
CONFESSIONIS
ECCLESIARUM BELGI-
CARUM
EXEGESIS,
Quâ illius Veritas ex Dei Verbo & Antiquitate
AUTHORE
SAMUELE MARESIO
S. Theologiæ Doctore & Professore primario in
GRONINGÆ,
Apud JOANNEM NICOLAUM,
TEOLOGIESE BAKERMAT VAN DIE
REFORMASIE: 'N KOMMENTAAR
Dr JOHAN OTTO